# Top Vibe Magazine

ONLINE
Issue 158 JULY 2022



## CHRISTIAAN BAARTMAN

## Wat beteken "VROU" wees.....

## JEFFREY DE BRUYN....

INDEX

# CONTENT

## Top Vibe Magazine

COMMENTS:
Please send us an e-mail to
admin@topvibe.co.za
to share your opinion, ideas and comments.

COPYRIGHT:
Content of Top Vibe Magazine is protected by copyright. NO part of this publication may be repoduced or used in any form whatsoever without prior settlement with the Editor.

DESCLAIMER:
The Editor or the publisher cannot be held responsible for damages or consequences of any errors or omissions neither do they stand warranty for the performance of any article, letter and / or advertisement.
The view of other writers or articals in this Magazine is not necessarlly the view of the Editor.

EDITOR:
Charmaine Britz

CONTACT DETAIL:
Cell: 072 768 8582

WEBSITE:
www.topvibe.co.za

MEDIA HOUSE - TOP VIBE MAGAZINE
TOP VIBE KIDS MAGAZINE
GLAMOUR TALK MAGAZINE
50+ MAGAZINE / TYDSKRIF

**1.**

*TOP VIBE MAGAZINE AMBASSADORS:*

Messages from our lovely Ambassadors, they will bring you something new every month.

**2.**

*WAT BETEKEN VROU WEES?:*

Ons het bietjie gaan uitvind wat beten vrou wees vir,

**3.**

*JEFFREY DE BRUYN:*

Lees gerus meer oor die legendariese Country sanger Jeffrey de Bruyn bladsy 10 en 11

**4.**

*MEDIA HOUSE - CHARITY EVENTS:*

Read about our charity events, happy that we could make a diffrence.





# REGULARS

1. EDITOR 03
*Charmaine Britz Editors Note:*

2. AMBASSADORS 04
Messages from our lovely Ambassadors, to their Father's. We welcome Jenny -Lee as our new Ambassador.

3. ADVERTISERS 09
*Business people will have the opportunity to advertise in this magazine.*

4. CHARITY EVENTS: 06
*Read about our Charity events*

5. COVER PAGE 01
*We celebrate Women.*



## Redakteurs Nota

Liewe lesers,

Ons is amptelik in die middel van die jaar kan jy glo die jaar is al amper verby.

Ek is opgewonde oor ons vrouedag wat op die 9de Aug plaasvind. Die dames gaan lekker bederf word daar is hope pryse om te wen, so as jy nog nie jou kaartjie het nie kontak my of Carin en kry joune.

Ag ons was gebless met twee amazing events wat ons kon aftiek. Daar was die Vaalpets projek waar ons hondekos ingesamel het en komberse vir die diere.

Die blood drive waar ons gepoog het om soveel lewens te red as moontlik. Dankie aan elke Ambassadeur vir julle deel ons het lekker pret gehad.

Vir nou fokus ons op Vrouedag!

Totsiens tot volgende maand

Liefde
Charms

# Our Ambassadors




**Hallo julle,**

**Ek wil nou eers vertel van ons blood drive wat op jeug dag was. So kom ons Ambassadeurs bymekaar by Sasolburg Blvd senter in Sasolburg.**

**Dit is -4 dit is bitter koud my hande wil omtrent af vries.**

**Dit was nie te min pret, ten spyte van die koue, ons is dankbaar dat ons 'n verskil kon maak om mense se lewens te red.**

**Ek kon ongelukkig self bloed skenk nie, weens die operasie wat ek onlangs ondergaan het.**

**Ek is net bly dat ons 'n verskil kon maak.**

**Ek is opgewonde vir ons Vroudag funksie in Aug.**

**Bly worm en gesond tot volgende maand.**

**Liefde**

**DILLAN**



Hallo dear readers,


This edition is all about self-love, affirmation and movies.

Isn't that just a good combination for July?

***7 Affirmations for Your Wellbeing:***

→ I am enough.
→ I believe in my dreams, myself and all that I am.
→ I love myself for who I am.
→ I create my own happiness.
→ My life is filled with abundance of goodness.
→ Try to see challenges as opportunities.
→

I am beautiful just the way I am.




**A little something for the movie lovers.**

A few new movies and series to look out

for that are coming out this month.

From horror to thriller, action to comedy, romance to drama and more

Here are just a few to binge-watch this holiday or even weekends with your family and friends.

Minions: The Rise of Gru – July 1

Thor: Love and Thunder -July 8

Mrs. Harris Goes to Paris. - July 15

Nope - July 22

**Etienne**



**Begroting van 'n toekomstige bruid**

**"Geniet die beplanning" word vir jou gesê. Maar hoe kan ek dit geniet as jy heeltyd stres oor waar gaan die geld vandaan kom.**

**Jy kan niks beplan en bespreek sonder deposito's nie. In vandag se dae waar jy en jou verloofde alleenlik verantwoordelik is finansieel vir jou troue is dit bitter moeilik en dit plaas baie spanning op julle verhouding.**

**Troue beplan toets defnitief jou "huwelik".**

**Ons trou op 1 September vanjaar. Eerlik kan ek nie wag dat dit verby is nie sodat Ons net weer bietjie kan lewe. Elke R10 word gebruik vir die troue.**

**Dan is daar die wittebrood. Ons is geseënd dat dit vir ons betaal word.**

**Elke bruid se nr 1 op haar lys is "DIE ROK".
In my geval is dit laaste want ek kry nie iets waarvan ek hou met Ons klein begroting nie.
Met 2 maande oor voor die troue Soek ek steeds na "DIE ROK"...........**

**💍Tot volgnde keer💍**

**Jenny-lee**

# MEDIA HOUSE CHARITY EVENTS

**Media House Ambassador Jenny - Lee Reyneke initiating this project, Carin Mulder our events Ambassador took the time and together with all our Ambassadors, their friends, family and businesses we got to put all our donations together.**



**Vaalpets was so greatfull for this donation.**

**Thank you to the Media House team for making this event a big sucsess.**
**We are planning a big project soon.**















**Blood drive - Media House and Park Ford Vanderbijlpark.**


**Thank you for each and every one who was involved in our Blood drive.**
**Thank you Park Ford Vanderbijlpark we love your car's if you need a car please call them for great service.**

**It was -4 on the 16th of June the cold did not stop us to try and save lifes, we are greatful for the difference we could make.**



# "Advertising your business"









# JEFFREY DE BRUYN....

## Nuwe CD oppad - Jeffrey De Bruyn

***<u>Deur: Charmaine Top Vibe Magazine.</u>***

***Charmaine van Top Vibe Magazine*** **het gaan inloer by die bekende Country sanger Jeffrey De Bruyn.**

**Jeffrey het ons vertel dat Covid-19 ook maar 'n donker wolk oor hulle koppe laat hang het, met geen optredes het dit maar soos met ander kunstenaars swaar gegaan.**

**Maar in sy geloof het hy sterk gestaan, en het homself besig gehou om aan 'n nuwe CD te werk.**

**Daar is nog baie wat gedoen moet word sê Jeffrey die inhoud is nog 'n geheim, hy wil nie nou iets verklap nie.. Sy aanhangers kan hulle gereed maak vir iets wat hulle ten alle koste sal wil**

**kan hulle gereed maak vir iets wat hulle ten alle koste sal wil**
**bekom.**

**Intussen is Jeffrey net bly dat hy nou weer kan optree en doen wat hy die meeste geniet.**

**Hy vertel ook dat hy binnekort in die Vaaldriehoek gaan wees vir 'n optrede, hou net sy Facebook blad dop die inligting sal daar verskyn, asook in Top Vibe Magazine.**

**Jeffrey is veral bekend vir liedjies soos:**

**Seven Spanish Angle**
**Are you mine**
**Pocket's full of gold**
**Love is no excuse**
**Satin sheets.**

**Om maar net 'n paar te noem hy, is opgewonde oor wat die toekoms inhou.**

**Jeffrey is 'n baie private mens maar staan altyd gereed om 'n CD te teken.**

**Hy is terug na 'n kort toer in Kwazulu Natal waar het opgetree het.**

**Jy kan Jeffrey bespreek vir jou fees, funksie of selfs ' verjaarsdag vieringe.**

**Sosiacle Media:**
**Facebook: Jeffrey de Bruyn**






PRINT-ID
INFINITE PRINTING SOLUTIONS
Now you can
ORDER ONLINE
use coupon "LETSPRINT" and get 10% off all online orders
Signage
Stickers & Labels
Promotional Printing
Corporate Branding
Business Stationery
Personalised Printing
Vinyl Cut-outs
Graphic Design
+27 60 964 0209
@printidsa
www.print-id.co.za
info@print-id.co.za
44 Schumann Str, SW 5, Vanderbijlpark, 1911, Gauteng


New Beginnings
Décor Hiring
* Tables * Chairs * Cutlery
* Linen * Glassware * Etc.
082 923 4321
New Beginnings - Deco Hiring




# Long awaiting BREAK AWAY!!!

By Lelanie van Niekerk

Since January 2022 I have been planning to take my 2 favorite men and a BREAK AWAY. By the end of February, I had paid and had booked for the long weekend in April...

As everybody knows, at that time we were selling our house and moving into a storage space "MY WHOLE LIFE"… so by the end of March, I had to move our fully paid-up BREAK AWAY into the middle of winter.

Now let me tell you about winter here in Joburg. It's FREEZING COLD, not climatized. I don't think I'll ever get climatized… I haven't seen my own bear skin in such a long time Lol !!!

So, coming back to our long awaiting BREAK AWAY I have book for the 24th to 26th June in Harties… Yes, Hartbeespoort dam in the winter…



As I count the days down, I have arrived... experiencing the feeling of that little boy going to the beach the night before "Ons gaan see toe"

On Saturday, I am planning to have a full-body Swedish massage, which I almost forgot to book and go site seeing afterward...

Since our youngest hasn't been to Harties and he is 17, I am planning on taking him to the upside-down house that attracted me to Harties in the first place... if you haven't googled the upside-down house, you should.










I have lost my heart in Harties since I was a little girl visiting Tan Malie se Winkel, now I hear that it has closed, which is sad as I wanted to share the same memories with my son that I had but it's new memories for the three of us.

Tan Malie se Winkel was defiantly a big pit stop for a lot of us in the past. After 35 years Tan Malie's doors were permanently closed like so many restaurants could stay afloat during covid.

On our list is also Hartbeespoort Dam Snake and Animal Park, which has also been a BIG landmark for many of us for some time now. I must admit I haven't visited in the last 10 years so it will have a big impact from what I can remember.

From the Park, I remember its in the main road but I sure it's not, LOL!!!

Finally, we have the Jasmyn Farm Stall on our list. We were obliged to go there because everyone wanted something from the stall. So, we added the Farm Stall to our list as it was highly referred to.






So, when I write again, I'll share more personal photos and tell you about the new experience and memories Harties has in store for us.



# CHRISTIAAN BAARTMAN

## CHRISTIAAN BAARTMAN LEER OM AAN TE BEWEEG WANNEER 'N VERHOUDING VERBROKKEL IN NUUTSTE ENKELSNIT

Dit is nie altyd maklik om te aanvaar en te laat gaan wanneer 'n verhouding nie uitwerk nie. Tóg is dit nodig vir jou eie beswil, sodat jy kan aangaan met jou lewe. Dít is die kragtige boodskap wat **Christiaan Baartman** graag met sy nuutste enkelsnit aan luisteraars wil oordra.

***AS HY VIR JOU NOG LIEF WAS*** is 'n folk-popliedjie uit sy eie pen en ateljee, wat lekker val op die oor en sal aanklank vind by enigiemand wat al 'n liefdesteleurstelling moes verwerk.

*"In die verlede het ek altyd gesukkel om te laat gaan wanneer 'n verhouding nie uitwerk nie. Toe begin ek sien dat daar baie mense is wat met dieselfde probleem worstel – veral wanneer die ander persoon in die verhouding net nie meer moeite doen nie,"* verduidelik die Huisgenoot Tempo- en Ghoema-bekroonde musikant oor die inspirasie agter

die lirieke. *"Dit het my laat besef dat hoe langer jy vat om aan te beweeg, hoe langer gaan dit vat om jou perfekte pasmaat te vind."*

Hierdie pragtige lied is die sanger se dertiende enkelsnit in drie jaar en volg in die voetspore van nommer-een-treffers soos *Net 'n Bietjie*, *Stof*, *'n Vriend Soos Jy* ('n lekkerluister-duet saam met Mack Rapapali),

*My Vrou* en *Die Beste Deel*.
Tans werk dié sanger en liedjieskrywer juis weer saam met Mack aan sy nuutste enkelsnit, wat die fokus gaan plaas op die nie-winsgewende organisasie, Step by Step. Verder is hy ook besig om sielkunde te studeer en nuwe musiek te skryf, en beplan hy om nog ten minste twee enkelsnitte uit te bring later vanjaar.

Christiaan is al byna vir twee dekades in die musiekbedryf doenig en het sy eerste album in 2008 uitgereik. Oor die jare, het hy baie hoogtepunte bereik waaronder verskeie musiektoekennings, 'n kinderalbum saam met Leon Jonkman; om die finale rondte te bereik op *Idols SA* in 2006; om vir Smokie te open in 2012; sy optrede by *Huisgenoot Skouspel* in 2007; en vele meer.

***AS HY VIR JOU NOG LIEF WAS*** is 'n opgewekte liedjie, met 'n positiewe

boodskap, wat kenmerkend is van Christiaan se

boodskap, wat kenmerkend is van Christiaan se styl en uitkyk op die lewe. *"Ons beweeg weer in 'n seisoen waarin ons mag optredes doen en ek maak die beste daarvan. Daar is besonders baie om op te vang na die pandemie, so nou is dit tyd om hard te werk en te spaar,"* sluit hy af.

Die liedjie is nou beskikbaar op alle digitale platforms. **Laai dit hier af:** https://distrokid.com/hyperfollow/christiaanbaartman/as-hy-vir-jou-nog-lief-was

**SOSIALEMEDIASKAKELS:**
**Facebook:** https://www.facebook.com/christiaankrit/
**Instagram:** @christiaanbaartman
**YouTube:** https://www.youtube.com/user/ChristiaanRock/featured?view_as=subscriber

**PUBLICITY & MARKETING**
**STARBURST PROMOTIONS**

**Alishia van Deventer**
**Cell: 083 635 4717**

**E-mail: alishia@starburstmusic.co.za**
**Wesite: www.starburstmusic.co.za**

STARBURST PROMOTIONS

# Wat beteken "VROU" wees.....

**VROU WEES IN DIE MEDIA**

**As ek die tydskrifte sou glo, beteken vrouwees dat ek 99% van die tyd met 'n glimlag op my gesig, perfek gestileerde hare, mooi en duur klere, en hoë hakke moet rondloop. Dat my lewe alles is wat ek van droom, en dat ek presies weet waarheen ek oppad is die toekoms in.**

**Maar ek is goed vertroud met die mengelmoes van emosies: vreugde, hartseer, nuuskierigheid, opwinding, angs, vrees, hoop, moedeloosheid...'n "good hair day" vind dalk een maal per week plaas, my klere is eerder prakties as prentjiemooi, en ek kon nog nooit hoë hakke baasraak nie. Ek wonder dikwels of ek besig is met die regte dinge, en of dit wat ek doen betekenisvol is. En die paadjie die toekoms in is dikwels onduidelik en onseker.**

**VROU WEES BY DIE HUIS**

**As ek die televisie sou glo, beteken vrouwees dat ek gek is oor huis skoonmaak en kos kook, dat ek omring is deur soet kinders, en dat ek en my man op ons slegste net liggies ontsteld raak vir mekaar. Dat ek 'n groep vriendinne het wat ek elke dag sien, en wat baie tyd het vir koffie drink en opvang, en raad uitdeel vir elke probleem onder die son.**

**Maar ek sukkel om met toewyding soggens die bed op te maak, kook maar so-so, het vierpote vir kinders, sug wanneer die wasbak kreun van die skottelgoed en ons 'n spanpoging vir die skoonmaak moet aanwend, en kan net so deeglik baklei soos wat ek kan liefhê.**

**Ek voel gereeld of ek my vriende afskeep en heeltemal uit balans leef, en lomp is met luister of raadgee, wanneer dit die nodigste is.**

**VROU WEES BY DIE WERK**

**As ek die arbeidsmark sou glo, beteken vrouwees dat ek tevrede moet wees met 'n glasplafon, en dat sekere poste my nie beskore kan wees nie, omdat ek te emosioneel is of eerder verhoudingsgerig moet uitdrukking gee aan my beroep. Dat ongewenste opmerkings oor my liggaam en stereotipiese grappe my nie behoort te ontstel nie, want dit is nooit kwaad bedoel nie.**

**Maar ek kan nie vrede maak daarmee dat alle mense nie gelyke geleenthede het nie, en dat ek nie ook mag droom daarvan om my sterkpunte, gawes en roeping uit te leef, binne enige werksomgewing nie. Ek kan my nie doof en blind hou vir woorde en gebare wat van my 'n mindere maak, en my onwelkom laat voel in my eie vel nie.**

**VROU WEES BY GOD**

**As ek God sou glo, beteken vrouwees egter iets verrassend anders: ek is geskep na die beeld van God self. Ek is genoeg. Ek kan my roeping op 'n velerlei maniere uitleef – met waagmoed, dapperheid, deernis, en wysheid. Ek hoef nie 'n front van volmaaktheid voor te hou nie. Die seer van die wêreld – hoe oorweldigend ookal – het nie die oorhand oor die Een wat liefde en genade beliggaam het nie.**

**Ek kan met vrymoedigheid my drome nastreef. Ek mag na myself omsien. Ek het keuses. En ek is veilig in die hande van die Skepper.**





# MAGAZINE

# MEDIA HOUSE



**NATIONAL WOMEN'S DAY**
**9 AUGUST 2022.**

***NEXT ISSUE AUGUST 2022 TO DOWNLOAD GO TO www.topvibe.co.za***